# DIE HAKKELAAR EN DIE TAALONDERWYSER: 'N TOEGEPASTE LINGUISTIESE PERSPEKTIEF

S.M. Beukes
Departement Spraakheelkunde en
Oudiologie en die Taallaboratorium
Universiteit van Pretoria

## 1 INLEIDING

In talige kommunikasie moet die spreker homself duidelik, effektief en binne 'n aanvaarbare tydsbestek kan uitdruk. Die luisteraar, aan die ander kant, moet in staat wees om die boodskap behoorlik te dekodeer. Dit spreek vanself dat die beperkinge van spreker en luisteraar 'n wesenlike invloed op talige kommunikasie het: pro= duksie en persepsie van taal is van kardinale belang in effektiewe kommunikasie. Omdat taal dus wesenlik 'n vorm van interpersoonlike gedrag is, is die newe-effek van 'n kommunikasieafwyking soos hakkel omvangryk. Hakkel moet gesien word as 'n kommunikasieafwyking omdat daar nie net sprake is van 'n gebrekkige vermoë ten opsigte van spraakproduksie nie: daar is tewens méér as net die oppervlakkige klankaspek ter sake. Ander aspekte wat 'n rol speel in interpersoonlike gedrag, is veral by die hakkelaar van groot belang, bv. problematiek ten opsigte van die psigologiese en sosiale sake. In die lig van die eiesoortige kommunikasieprobleme van die hakkelaar moet onderwysers, en veral taalonderwysers, gepaste aandag aan die hakkelaar in die klaskamer gee. Die taalonderwyser poog om 'n bepaalde taalbeheersing by sy leerlinge te bewerkstellig, maar nou moet mens in gedagte hou dat dit juis op die vlak van effektiewe produksie is waar die hakke= laar te kort skiet. Alhoewel die spraakproduksie van die hakkelaar gebrekkig is, beteken dit egter nie noodwendig dat sy taalvermoë in dieselfde mate gebrekkig is nie.

Voordat die problematiek van die hakkelaar in die klaskamer aan die orde gestel kan word, moet die verskynsel as kommunikasieafwyking eers in perspektief geplaas word.

## 2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP "HAKKEL"

Hakkel is 'n kommunikasieafwyking waarvan 'n uitstaande kenmerk die gebrek aan "ritme" of vlotheid van spraak is. Hakkel kom voor wanneer die spraakvloei abnormaal onderbreek word deur herhalings of ver= lengings van 'n klank, 'n sillabe, of deur vermydings en worstel= gedrag (Van Riper, 1978 : 257). Maar benewens onderbrekings en worstelgedrag (soos bv. gesigstrekkings en bepaalde liggaamshoudings) kan hakkel ook waargeneem word in spraaktempo, toonhoogte, luidheid en artikulasie. Dit is belangrik om te onthou dat tipiese uitgesproke hakkelgedrag relatief maklik uitgeken kan word, maar mens kom dikwels gevalle teë waar die onderskeid tussen hakkel en sogenaamde normale spraakonvlotheid nie so maklik getref kan word nie.

## 3 HAKKELSIMPTOME

Die vernaamste kenmerkende simptome van hakkelgedrag word volgens Crystal (1980) gegee:

3.1 Abnormale herhaling van segmente, sillabes, woorde of frases:

b-b-b-b-baie dankie
dan-dan-dan-dankie
my naam is-my naam is-naam is Jan

3.2 Lugstroomafsluiting as gevolg van 'n onvermoë om spanning wat deur artikulasie van 'n sekere klank veroorsaak word, te verminder. Hierdie verskynsel staan bekend as 'n blok en gaan gepaard met tipiese worstelgedrag soos gesigs=trekkings, skielike kopbewegings of liggaamsbewegings en lomp gebare.

3.3 Abnormale verlenging van klanke soos s-s-s-s-s-skaap (nie 'n onderbreking in die klank nie).

3.4 Invoeging van oortollige woorde/klanke soos o, hm, gaats, jis.

3.5 Onreëlmatige klempatrone en abnormale intonasiepatrone as gevolg van aarselrige spraak en onreëlmatige asemhaling.

3.6 Onvoltooide woorde.

3.7 Lomp vermydings en omslagtighede; die hakkelaar gaan uit sy pad om sekere klanke waarmee hy weet hy probleme kry, te vermy.

## 4 TEORETIESE VRAAGSTUK: DIE OORSAKE VAN HAKKEL

Oor hierdie vraagstuk is reeds etlike en uiteenlopende teorieë geformuleer. Vir die doeleindes van hierdie aanbieding gaan ek hou by 'n breë indeling van dié teorieë aan die hand van Crystal (1980).

### 4.1 Organiese teorieë

Hiervolgens sou die hakkelaar 'n genetiese of fisiese predisposisie vir hakkel hê. Voorbeelde van hierdie teorieë is o.a.:

- hakkel is die resultaat van serebrale dominansie-"wedywering";

- hakkel is die gevolg van 'n breindefek wat tot perseverasie lei;

- hakkel is die gevolg van 'n chemiese wanbalans wat versteuring in die versending van impulse veroorsaak; en

- hakkel ontstaan as gevolg van 'n biologiese on=vermoë om op morfemiese vlak motoriese patrone temporaal te bemeester.

4.2 Psigoneurotiese teorieë

Die persoonlikheid van die hakkelaar of sy emosionele verhouding met sy omgewing is die fokuspunt in hierdie teorieë.

4.3 Angsteorieë

Dit hou verband met die psigoneurotiese benaderings. Hakkel ontstaan omdat die spreker glo dat spraak problematies is en dat hy dit nie kan/gaan baasraak nie. Die oorsprong hiervan kan berisping deur die jong kind se ouers wees wanneer hy normaal onvlot is. Een van die voorstanders van hierdie teorie, Wendell Johnson, beweer dat hakkel nie in die kind se mond begin nie, maar in die luisteraar se oor!

4.4 Leerteorieë

Hou verband met bogenoemde teorie. Hiervolgens word daardie faktore wat meehelp dat leer plaasvind, bv. motivering, versterking, ens., bepaal. So word bv. beweer dat hakkel die gevolg is van innerlike konflik: moet mens praat of nie. 'n Ander benadering sê dat hakkel plaasvind in situasies waarmee die spreker negatiewe assosiasies het.

5. VLOT SPRAAK EN NORMALE ONVLOTHEID

Hoe ken mens 'n hakkelaar uit, veral die minder uitgesproke hakkelaar? Hierdie is 'n relevante vraag, omdat die onderskeid tussen abnormale onvlotheid (met ander woorde, hakkel) en so= genaamde normale onvlotheid dikwels nie so maklik is nie. In die algemene omgang word die begrip "vlot" geassosieer met iets wat met "gladde bewegings", "sonder steurings" plaasvind. Die term "vlot spraak" het die betekenisnuanse "gemaklike" spraak daaraan gekoppel: dit is spraak wat teen 'n redelike tempo aaneenvloei sonder uitermatige onderbrekings. Die begrip vlot spraak impliseer aanvaarbare taalbeheersing, met ander woorde, taalgebruik sonder abnormale steurings. Hierdie is weliswaar 'n betreklik oorvereenvoudigde ideële siening van normale spraak, want normale onvlothede soos verlengings van klanke, herhalings en klanke en sillabes, veranderings/ verbeterings in die middel van frases en sinne, huiwerings, ens. kom immers vry algemeen voor. Interessantheidshalwe: daar is bv. vasgestel dat ± 2/3 van normale spraak in bondels van 6 woorde of minder voorkom en dat ongeveer 30% van 'n gemid= delde gesprek uit stiltes bestaan (Crystal, 1980). Dit is belangrik om te onthou dat hierdie onvlotheid "normaal" is omdat die voorkomsfrekwensie daarvan aansienlik laer is as by hakkelaars. Daarbenewens word hakkelgedrag gekenmerk deur die sogenaamde blokke en worstelgedrag - iets waarvan normale spraak vry is.

Die konsep van spraakvlotheid moet gesien word teen die agtergrond van die hiërargiese opbou van taal. Taalgedrag kan beskou word as dat dit bestaan uit 'n hiërargie van vaardighede waarvan die opbou begin by spiersametrekkings in afwagting op spraak, daarna is die opbou vanaf die fonemiese/fonologiese, die morfemiese, die struktuur van frases en dan uiteindelik die sinstruktuur. Ten einde te verseker dat spraak vloei, moet die spreker vlotheid verkry in die oorgang van die een vlak na die ander. Byvoorbeeld: op fonetiese vlak moet daar vlotheid wees tussen klanke en sillabes; op sintaktiese vlak tussen frases en sinne; op leksikale vlak tussen betekenis-eenhede en op prosodiese vlak tussen toongroepe.

In die lig van bogenoemde siening dat taalgedrag 'n hiërargie van vaardighede is, kan mens dus sê dat hakkelgedrag wesenlik 'n verbreking van die integrasie van hierdie vaardighede is. Die hakkelaar toon 'n gebrek aan vlotheid in die oorgang van die een vlak na die ander. Op die fonetiese vlak manifesteer onvlotheid bv. in die verlenging of weglating van klankelemente; op die sintaktiese vlak bv. in die weglating van verbindings soos <u>en</u> en <u>maar</u>; op prosodiese vlak in die abnormale opeen=volging van intonasiekontoere, ens.

## 6. DIE VERBAND TUSSEN NORMALE ONVLOTHEID EN DIE BEGIN VAN HAKKEL

Hakkel ontstaan gewoonlik in die vroeë kinderjare (2-4 jaar) en is dikwels die gevolg van die kind se pogings om sogenaamde normale onvlothede te vermy. 'n Ander siening van aanvangshakkel is dat dit ontstaan wanneer normale onvlothede in frekwensie en omvang toeneem. Nou is dit so dat alle jong kinders se spraak 'n sekere mate van onvlotheid toon wat stellig gewyt kan word aan die taalverweringsproses. En soos Crystal (1980) tereg daarop wys: enige normaal sprekende mens hakkel soms in 'n nuwe of opwindende taalsituasie. Dit is dus onnodig om onvlothede in die spraak van die taalverwerwende kind te etiketteer of selfs te korrigeer. Volgens sekere gesaghebbendes kan sulke optrede hakkel eerder aanhelp as wat dit dit inhibeer. Druk om na behore te kommunikeer kan dus 'n moontlike oorsaak van hakkel wees. Dit is op hierdie aanname wat Bloodstein (1975) sy hipotese baseer dat enige faktor wat daartoe lei dat 'n kind spraak as moeilik of negatief ervaar, kan veroorsaak dat sy spraak gespanne en gefragmenteerd word (almal eienskappe van hakkelgedrag). Bloodstein argumenteer dat gebrekkige kommunikasie wat die gevolg is van vertraagde taal=ontwikkeling by die kind die idee by hom laat posvat dat spraak buitengewone inspanning vereis. Hierdie stelling word ondersteun deur studies waarin beweer word dat 'n betekenisvolle aantal voorskoolse hakkelaars vertraagde taalontwikkeling toon (Merits-Patterson en Reed, 1981).

7. Verskeie gesaghebbendes postuleer 'n verband tussen die taal=vermoë van 'n individu en die aanvang van hakkel. Van Riper (1971) berig dat 'n sekere groep jong hakkelaars <u>vertraagde taalontwikkeling</u> toon: volgens hom kon hierdie hakkelaars lang komplekse sinne begryp voordat hulle self in staat was om verbaal te kommunikeer.

Maar betekenisvol is dit dat hulle hakkelry begin het toe hulle in sinne begin praat het. Ook in sy 1973-werk, The Treatment of Stuttering merk Van Riper op dat hakkel dikwels 'n aanvang neem wanner die kind se sinskonstruksie komplekser raak. Bloodstein (1974) beklemtoon dat dit veral op die sintaktiese vlak is waar jong hakkelaars die meeste probleme ondervind. 'n Studie van Murray en Reed (1977) bevestig dié aanname. In 'n ondersoek na die taalvermoëns van 7 voorskoolse hakkelaars van 5-jarige ouderdom en 7 voor=skoolse nie-hakkelaars het hulle bevind dat die hakkelaars se taalontwikkeling in vergelyking met die kontrolegroep bepaald vertraag was. Die ekspressiewe gebruik van sintaktiese strukture is o.a. bepaal deur middel van die Northwestern Syntax Screening Test. Hierdie studie bevestig dus Bloodstein se vermoede dat jong hakkelaars moeite ondervind met die ontwikkeling en gebruik van sintaktiese strukture. Dit is interessant om daarop te let dat op reseptiewe vlak die hakkelaars met betrekking tot sowel die Northwestern Syntax Screening Test as die Peabody Picture Vocabulary Test baie swakker as die kontrolegroep gevaar het. Bloodstein (1974) stel voor dat hakkel wat in die voorskoolse stadium begin, moontlik die oppervlakke-realisasie is van frag=mentasie van sogenaamde hoë orde taalfasette, veral die verwerwing van volwasse sintaktiese strukture.

Enkele bevindings uit 'n aantal studies oor die taalvermoëns van jong hakkelaars:

- hakkelaars begaan meer artikulasiefoute as nie-hakkelaars;

- voorskoolse en skoolgaande hakkelaars gebruik meer enkelwoord-uitinge en struktureel minder komplekse sinne;

- hakkelaars se prestasies in taaltoetse soos die Illinois Test of Psycholinguistic Abilities (ITPA) en die Myklebust Picture Story Language Test is beduidend swakker;

- hakkelaars se reseptiewe woordeskat is veel kleiner;

- hakkelaars se ekspressiewe woordeskat slaan veelal op konkrete sake;

- hakkelaars begaan meer grammatikafoute; en

- hakkelaars toon woordvindingsprobleme.

## 8. DIE HAKKELAAR IN DIE KLASKAMER

In 'n peiling van die houding van hakkelaars ten opsigte van mondelinge werk in die klaskamer, is bevind dat die meeste hakkelaars voel dat hul spraakprobleem in ag geneem moet word - vergelyk Knudson (1939). Hakkelaars voel oor die algemeen dat hul mondelinge vertonings in die klas=kamer nie reg laat geskied aan hulle intellektuele vermoëns nie. (Dit spreek vanself dat die geringe hakkelaar minder probleme en frustrasies met betrekking tot mondelinge werk het - daarom sal die klem meer val op die erge hakkelaar).

Hakkelaars erken dat hulle dikwels in antwoord op 'n vraag sê "ek weet nie" of die verkeerde antwoord verstrek ten einde 'n problematiese spraaksituasie te vermy. So bv. het 'n hakkelaar gesê (Knudson, 1939 : 236):

> "I found it easier to say 'I don't know', than to answer although I often knew as much about the subject as anyone else in class. I still find it easier to say 'I don't know' than any= thing else in the English language"

Die belangrikste doelwit met die hakkelaar in die klaskamer is om sy selfvertroue op te bou en om hom meer op sy gemak te laat voel wanneer hy sy kant moet bring soos bv. in mondelinge toetse en eksamens. Dit is van die uiterste belang dat die onderwyser die mondelinge situasie met betrekking tot die hakkelaar sõ sal hanteer dat die hakkelaar 'n positiewe houding jeens 'n (vir hom) negatiewe situasie sal aanleer. Knudson (1939) beweer dat die hakkelaarleerling se houding ten opsigte van die skool en opvoeding in die breë betekenisvol beïnvloed kan word deur sy ervaring van die mondelinge situasie in die klaskamer. Daar= benewens kan dié ervaring, indien dit vir hom pynlik is, belemmerend wees vir algemene persoonlikheidsgroei en spraak= ontwikkeling.

Die onderwyser se houding is, naas dié van die leerling self, van groot belang in die mondelinge situasie. Dit is immers die onderwyser wat die struktuur daarstel: dit is hý wat in die klas= kamer 'n vraag aan die leerling stel; wat eis dat die leerling 'n voordrag moet lewer of 'n stuk moet voorlees of wat bepaal dat 'n toets/eksamen ook mondelinge komponente moet hê. In die geval van die hakkelaar-leerling is die onderwyser se verant= woordelikheid des te groter omdat hy te make het met 'n persoon wat mondelinge kommunikasie waarskynlik pynlik vind. In die woorde van 'n hakkelaar self (in Knudson, 1939 : 238)

> "Innumerable moments of misery could be turned into moments of happiness did but one teacher know how to treat properly one stutterer"

Vervolgens enkele riglyne waarmee die mondelinge situasie in die klaskamer benader kan word:

- 'n hakkelaar se selfvertroue kan opgebou word deur hom aanvanklik saam met 'n ander leerling 'n stuk te laat voorlees;

- wanneer 'n hakkelaar 'n tweede keer iets moet voorlees of voordra, is hy geneig om minder te hakkel (die sogenaamde adaptasie-effek);

- alhoewel sommige (erge) hakkelaars dikwels minute neem om 'n enkele sin te voltooi, mag 'n hakkelaar nooit aan= gejaag word nie. Die indruk mag nie gelaat word dat die persoon stadig of onbekwaam is nie, of dat die onderwyser hom irriterend of vervelig vind nie;

- moenie 'n hakkelaar in die rede val of die woorde vir hom sê wanneer hy oënskynlik moeite ondervind om te praat nie;

- omdat hakkel 'n spraakproduksieprobleem is, kan ekstra skriftelike werk van die leerling vereis word ten einde te kompenseer vir die gebrekkige mondelinge werk;

- moenie 'n ander leerling vra om eerder voort te gaan omdat die hakkelaar te lank neem om sy sin/voordrag te voltooi nie;

- dit is belangrik dat veral die taalonderwyser die hakkelaar-leerling moet oplei om verskillende spraaksituasies te kan hanteer, maar die hakkelaar mag nooit gedwing word waar hy nie kan nie. (Die onderwyser moet nooit die rol van die spraakterapeut probeer oorneem nie, hy kan sy taak hoogstens komplementeer.)

## 9. BIBLIOGRAFIE


Bloodstein, O 1974 : "The Rules of Early Stuttering" in Journal of Speech and Hearing Disorders, 39, pp. 379-394

1975 : A Handbook on Stuttering. Chicago : National Easter Seal Society

Crystal, D 1980 : Introduction to Language Pathology. London : Edward Arnold

Knudson, T A 1939 : "A Study of the Oral Recitation Problems of Stutters" in Journal of Speech Disorders, 4:3, pp. 235

Merits-Patterson, R & C G Reed 1981 : "Disfluencies in the Speech of Language Delayed Children" in Journal of Speech and Hearing Research, 46, pp. 55-58

Murray, H L & C G Reed 1977 : "Language Abilities of Preschool Stuttering Children" in Journal of Fluency Disorders, 2, pp. 171-176

Van Riper, C 1971 : The Nature of Stuttering. Englewood Cliffs, N.Y.: Prentice-Hall

1973 : The Treatment of Stuttering. Englewood Cliffs, N.Y.: Prentice-Hall

1978 : Speech Correction. Englewood Cliffs N.Y.: Prentice-Hall


- - - o 0 o - - -